

# Weerkaats salige vroegoggendwinterstilte

**’n Kristalhelder wintersoggend by ’n laagwaterbrug in die Riverton-omgewing, met geen briesie wat die wateroppervlak roer nie. “I prefer winter and fall, when you feel the bone structure of the landscape — the loneliness of it; the dead feeling of winter. Something waits beneath it, the whole story doesn’t show,” skryf die kunstenaar Andrew Wyeth.** FOTO: JACQUES JANSEN VAN VUUREN

Hoofartikel

# Kennis, begrip beter in eie taal

**Mag die woorde wat die minister van basiese onderwys Sondag (18/06) gespreek het, werklik gehoor word.**

Verwelkomend in Angie Motshekga se toespraak tydens ’n nuuskonferensie oor die jongste verwikkelinge in die basiese onderwyssektor, was haar woorde dat meer gedoen moet word om die gebruik van moedertaalonderrig in skole aan te moedig “omdat dit goed werk”.

Sy het na ’n studie oor 12 jaar in die Oos-Kaap verwys waarin een groep leerlinge tydens hul hele skoolloopbaan onderrig in Xhosa, hul moedertaal, ontvang het. Hulle het glo veel beter presteer as die groep wat net in Engels, en nie in hul moedertaal nie, onderrig is.

Vele groepe en organisasies is ten gunste van skoolonderrig in ’n moedertaal, maar in die Suid-Afrikaanse kompleksiteit word selfs bevindinge gou onder ’n onderdrukkingskombersie toegegooi. Veral Afrikaans se stem word gereeld deur die kombersie gedemp.

Volgens AfriForum se webwerf het kenners van die Verenigde Nasies bewys dat langdurige blootstelling aan moedertaalonderrig die betrokke gemeenskap se gemiddelde vlak van geletterdheid verhoog, terwyl dit die werkloosheidskoers onder hulle verlaag.

Vir ’n ouer om te sê dat ’n kind in Engels onderrig moet word “want dan lê die wêreld vir hom oop,” is ’n wanpersepsie.

Volgens verskeie bronne word bykans ewe veel Mandaryns as Engels gepraat, met Spaans, Hindi en Frans wat die res van die vyf topplekke inneem.

Die wêreld is veel groter as net lande waarin hoofsaaklik Engels gepraat word.

Onderrig in ’n moedertaal kan die kind ’n sterker kennisgrondslag gee, en die kind kan met meer begrip en selfvertroue die wêreld aandurf.

Om nie eens te praat van die beroepsrigtings wat met die gebruik van moedertaalonderrig stimuleer word nie. Tolkdienste, vir een, kan sy regmatige plek inneem en bydra om die wêreld ’n verstaanbare plek te maak.

Juweeltjie

## papier is geduldig

Spreekwoord. ’n Mens kan enige onsin neerskryf. Engels: “Pens may blot, but they cannot blush”.

■ Die klank van die woord “boek” is afleibaar van die woord “bhurja” wat die naam van die beukebas was waarop vroeër jare geskryf is. Papier kom van “papirus”, die soort Nylbiesie waarvan die eerste papier gemaak is. – **Bron: pharosaanlyn.co.za**

**Hou jou selfoon se kamera oor dié blokkie om *NoordkaapBulletin* te lees. Lees elke week die nuutste koerant as ’n e-publikasie by streeksnuus.netwerk24.com en volg die Facebook-blad NoordkaapBulletin vir daaglikse plasings.**

Twyfelhoekie

# Ouma se raad met ‘ek kan nie’ herroep

HANNES NOËTH

**Hy is ses jaar oud.**

Parmantig. Astrant. Oulik.

Sy ma oortuig hom hy kan nie.

Hy antwoord sterk hy kan.

Wel, eintlik kan hy nie.

Maar belangriker as dat hy nie kan nie, is sy vermoë om te glo hy kan.

Lank terug op die plaas het Ouma ons al geleer: Kannie is dood van kruiwa stoot.

As ’n mens wil, kan jy.

Jy kan ten minste probeer of ’n baie sterk poging aanwend.

Hierdie klein astrante sesjarige japsnoet raak my.

Gewoon omdat hy so vas glo hy kan.

Ons sê so maklik: Ons kan nie.

Dalk te maklik.

Ons stuit voor die onmoontlike eerder as om die onmoontlike moontlik te maak.

Daarom moet ’n mens nie moed opgee nie.

Ook nie te gou gaan lê nie.

Iewers sedert ons naïewe dae van jonkwees en glo dat ons alles kan, word ons twyfelaars en kleingelowig langs die grootwordpad.

Miskien is daar waarde daarin om deur die oë van ’n jongeling na die wêreld te kyk.

Dalk is daar waarde in om so bietjie meer van hul moed te hê.

En wanneer iets dan regtig nie kan nie, dit regtig bo ons vermoë is, is daar waarde daarin om tevrede te wees dat ons ’n goeie poging aangewend het.

Een van ons uitdagings in ons samelewing is dat ons sommer vooraf besluit ons gaan dit nie maak nie, ons kan nie hierdie omdraai nie en ons kan nie verandering bring nie.

Dalk moet ons weer onthou van Kannie is dood van kruiwa stoot.

Dalk moet ons weer begin glo: Ek kan!

Potpourri

# Geen gunste, gawes

KARIN MULLER

**Sy skuif gemaklik op die stoel.**

“Hierdie is nie ’n koffie-afspraak nie. Ek verwag ’n faktuur,” sê sy saaklik.

Ons is goeie vriendinne en hoewel sy nie my kliënt is nie, gesels ons af en toe nie-amptelik syfers. Vandag wil sy amptelik syfers gesels.

Na afloop van die afspraak stuur ek ’n faktuur, waarvan sy die bedrag die volgende dag betaal.

Daar is ’n menigte kleinsakeondernemings wat stadigaan kop oplig ná die afgelope paar jaar se ekonomiese uitdagings.

Vir baie van hulle het die herstel te lank geneem, en hulle moes tou opgooi. Die res probeer nog vasbyt.

Een van die redes waarom kleinsakeondernemings uiteindelik voortbestaan, is waarskynlik omdat vriende soos klante en kliënte hanteer wil word. Daar word nie gunste en gawes verwag nie. Dit word ook nie vrylik uitgedeel nie.

Wanneer daar gekners word om die sente om te draai om ’n besigheid se voortbestaan te verseker, word alle ondersteuning waardeer. Veral vriende s’n.

As jy nie self ’n vriend of vriendin se onderneming kan ondersteun nie, kan jy moontlik iemand na hulle verwys. Dit hoef nie ’n groot verwysing te wees nie. Dit is die klein verwysings wat die wiel aan die draai hou en die pot aan die kook.

Soms verwag mense dat jy hulle met pryse sal tegemoet kom omdat hulle goeie vriende is. Of omdat hulle iemand ken wat iemand ken, wat jy ken.

Dankie aan almal, veral vriende, wat klein ondernemings aan die gang help hou.

Kameeldoring

# Kennis is mahala

GERDA-MARIÉ VAN ROOYEN

**Biblioteekbesoeke is die Rooyspan se tweeweeklikse hoogtepunt. Storie- en feiteboeke word saans om die beurt twee-twee bladsye voorgelees.**

Selfs die FAK kry ’n beurt onder die Engelssprekende Van Rooyens.

Hul woordeskat-skatkis word fluks gevul en baie hiervan gebeur sonder koste danksy die tamaaie biblioteek wat die nuwe dorp bied. Boekrakke is ellelank en in die doolhof van verskeidenheid weet Oudste waar boeke oor dinosourusse en oseane is.

Sussie is skugter. Sy loop vinger in ma se hand voor die Afrikaanse boeke. Daarna volg die koerante en die soeke na ’n spesifieke remediërende boek wat so oud soos sy is om met Ouboet se Afrikaans te help.

’n Raaiskoot in ’n rigting is suksesvol en die heilige stilte word met ’n halleluja-uitroep verbreek. Die studente by die rekenaars verrek hul nekke.

Rooypappa kom nader.

“Wat doen jy? Jy steur Oudste!”

Hy wys na ’n foto op sy foon: Oudste sit voor naslaanboeke en bestudeer sy Star Wars-boek.

Rooypappa, ’n boekwurm van formaat, het reeds ’n paar dik fantasieboeke deur oorsese skrywers opgespoor wat sy groot versameling tuis nie het nie.

Die manne was op hete kole en kon nie gou genoeg aan die lees kom nie. Hul ongeduld is aangevuur toe Rooymamma eers nog deur die vrylik beskikbare munisipale verslae op die toonbank wou blaai en ook ’n gratis Zoeloe-praat-les by Queen, die bibliotekaresse, kry.

“As kennis gratis is, dan waardeer en gebruik jy dit,” sê Mamma toe Oudste begin kla.

CENTRAAL24

NOORDKAAP BULLETIN

| | | |
|---|---|---|
| **REDAKTEUR / EDITOR** | | |
| Helena Barnard | helena.barnard@media24.com | |
| **MEDEWERKER / EDITORIAL MEMBER** | | |
| Charné Kemp | charne.kemp.writer@gmail.com | |
| **ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS** | | |
| Natasha Ingram | natasha.ingram@media24.com | 082 567 3883 |
| **BETREKKINGS / VACANCIES** | | |
| Noleen Petersen | noleen.petersen@media24.com | 051 404 7813 |
| **REGSKENNISGEWINGS / LEGAL NOTICES** | | |
| noordkaapbulletinlegals@media24.com | | 051 404 7600 |
| **GEKLASSIFISEERD / CLASSIFIEDS** | | |
| noordkaapbulletinadverts@media24.com | | 051 404 7600 |

**OMBUDSMAN**

Kontak NoordkaapBulletin se ombudsman oor klagtes: Stuur alle klagtes, navrae of voorstelle oor die inhoud van die koerant aan ons ombudsman, George Claassen, by 021-851-3232 of na george.claassen@media24.com.
Geen redaksionele materiaal of advertensie mag gereproduseer word sonder die toestemming van Media24 nie (artikel 12(7), Wet op Kopiereg 1978).



Press Council FAIR

NoordkaapBulletin proudly displays the “FAIR” stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media, which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011-484-3612.